


# 47. God sorg vir Elia

Lank gelede was daar 'n man. Sy naam was Elia. Hy was 'n profeet. Hy het vir die Israeliete van God vertel. Maar hulle wou nie luister nie. Hulle koning, Agab, was sleg. Agab en sy vrou het ander gode aanbid. Hulle was nie lief vir God nie.

Op 'n dag sê Elia vir Agab: ,,Julle wil nie luister nie. Nou gaan God julle straf. Hy sal nie meer reën stuur nie. Daar sal nie kos wees vir julle nie. Ook nie vir julle diere nie.''

Toe Agab dít hoor, word hy baie kwaad. So kwaad dat hy Elia wil doodmaak. Maar God help vir Elia.

Hy sê: ,,Elia, gaan kruip by die stroompie Krit weg. Ek sal daar vir jou sorg.''

Elia luister vir God. Hy gaan na die stroompie Krit toe. Maar daar is nie 'n winkel nie. Daar is nie eers huise nie. Ook nie ander mense nie. En Elia het niks om te eet nie. Hy kan darem van die stroompie se water drink. Maar Elia is nie bang nie. Hy weet God sal vir hom sorg.

Elia wag en wag. Dit is warm en hy is honger. Skielik sien hy 'n paar kraaie. Hulle vlieg bokant hom. Dit is snaaks, dink Elia. Die kraaie is nie eens bang vir my nie. Kyk, hulle kom al nader en nader.

En toe sien Elia iets wonderliks. Party van die kraaie het vleis in hul bekke. In die ander se bekke is brood. Toe weet Elia: Die kraaie bring vir my kos. Dit is God wat hulle gestuur het. Hy het mos belowe Hy sal vir my sorg.

Daardie aand het die kraaie weer gekom. Hulle het weer vleis en brood gebring. Die volgende dag ook. En die dae daarna.

Die ander mense het swaar gekry. Net soos God gesê het. Dit het nie gereën nie. Daar was ook nie kos om te eet nie. En hulle afgode kon hulle nie help nie. Maar Elia was lief vir God. En God het vir hom gesorg.

1 Konings 17

GEBED

Baie dankie, Here, dat U elke dag vir my en my familie sorg. Dankie dat U altyd weet wat ons nodig het. Amen.

Scanned with CamScanner